

24 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 33:1-9

Fokusgedeelte: Psalm 33:6

Krag van die Woord om te skep

Ongeag die mens se beste pogings om God te beskryf, bly hierdie pogings steeds onvoldoende. God kan nooit werklik in mensetaal beskryf word nie. Hy is net te hoog en te groot vir ons verstand.

Deesdae word met die allerbeste en modernste teleskope al hoe dieper in die hemelruim ingekyk. Nuwe sterrestelsels en hemelliggame word nog steeds ontdek. Klaarblyklik is die hemelruim oneindig groot. Te veel vir die mens se oog of verstand. Wetenskaplikes vra: Waar kom alles vandaan? Die heilige Skrif antwoord: *Deur die woord van die Here is die hemele gemaak, deur sy bevel al die hemelliggame.* Net so staar die digter van Psalm 8 met verwondering na die hemelruim en vra: *As ek die hemel aanskou, die werk van u vingers ... wat is die mens dan dat U aan hom dink?*

God is groter as die hemelruim. Hy is Skepper en Regeerder van alles wat bestaan. Hy wat ewig en heilig en almagtig is, het ook deur sy skeppingswoord die mens gemaak om sy beeld en sy verteenwoordiger te wees. Die mens het egter sy roeping versaak en in sy ongehoorsaamheid tot die ewige dood toe geval. Maar God se Woord is skeppingsmagtig, wat lewe uit die dood gebied. Die Here Jesus, die Woord wat vlees geword het, het onder ons kom woon. Hy is die Woord wat lewe gee aan elkeen wat in Hom glo.

Wat skep God se Woord in u hart? Wat is u geloofsreaksie op God se Woord wat skep? Die Here Jesus Christus, die vleesgeworde Woord, skep nuwe lewe. Hy het immers die dood oorwin sodat elkeen wat saam met Hom in 'n nuwe lewe opstaan, ook 'n oorwinnaar oor die sonde en die dood kan wees. Is u saam met Christus 'n oorwinnaar?

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 4, 5

Dr. DJ de Kock (Krokodilrivier)